## Simon se gedagtes oor die Meester as mens van die manlike geslag

**175** Ek (**JaHshua**) sê: "Nou is jy rein en daar is niks meer in jou wat ooit jou geloof in My sou kon ontspoor nie. Maar nou sal Ek jou en ook alle ander laat sien watter ondeurdringbare bos van twyfels uit jou sou gegroei het as jy jou nou nie sou ontdaan het van hierdie twyfelsaadjie nie. Jy sou sondermeer stadig maar seker tot die volgende filosofie gekom het:

[2] Wat sou die gevolg wees as Ek My aan `n vrou sou vergryp en daaruit `n vrug in haar skoot sou ontstaan? As dit manlik sou wees, sou dit dan ook `n Elohim wees? En as dit vroulik sou wees, wat dan? Sou dit die Mosaïese wet aantas as Ek My vergryp het? Sou dit My Goddelike mens nie ongeskik maak vir die behoud van die Goddelike Gees nie? Of sou Ek persoonlik wel of nie tot so `n daad in staat wees nie? Maar hoe kon Ek die mense vir hierdie daad geskik gemaak het sonder om Self daartoe in staat te wees?

[3] As die geslagsdaad `n sonde in die liggaam is en siel en gees verswak, waarom het Ek dan die mens vir sy voortplanting hierdie sondige handeling in die liggaam en in die siel ingegee? Kon Ek nie op `n suiwerder manier die voortplanting teweegbring nie?! As hierdie daad van voortplanting egter volgens Elohim se orde die enigste regte en moontlike is, dan moet Elohim dit net so goed kan uitvoer as die mens! Waarom is die geslagsdaad vir die mense `n sonde en vir Elohim nie; of kan Elohim onder bepaalde omstandighede ook teen Sy eie orde sondig? Maar hoe kan Elohim suiwer liefde wees as Hy ook skuldig sou wees aan `n sondige, menslike swakheid?!

[4] Elohim as Elohim kan onmoontlik teen Sy eie orde sondig! As Hy egter die menslike natuur aangeneem het, is Sy liggaam dan goed of nie in staat tot sonde nie? Moet ook Hy teen alle aanvegtinge van die liggaam stry? As Hy dit het, wie laat dit dan oor Hom kom? Is daar nog `n hoëre en ouer Elohim wat hierdie jongeling, wat hom nou eers ontwikkel, met allerlei moeilike beproewings versterk en in die gees wedergebore laat word? As hierdie jong Elohim nou as `n mens sou sondig, sou Hy dan ook net soos die mens verwerp kon word?

[5] Sou die ou Egiptenare dalk gelyk kon hê met hul genealogie van die hoofgode? Uranus verwek met Gaea `n Kronos (Saturnus, Tyd), wat sy werke altyd weer verniel. Zeus, as die wil van Kronos, word gered deur die liefde, groei in die verborgene op en word oppermagtig. Die mag van Zeus bring Uranus en Kronos vir ewig tot rus, heers alleen en skep die mense op die aarde, waarvoor hy egter deur die voorbeskikking van die ontsettende, onnaspeurlike Fatum (noodlot), as oudste oergodheid, ook gepla word met baie menslike swakhede. Die Fatum skyn die onbekende groot Elohim/God te wees; maar nou, in `n sekere sin moeg van regeer, het hy onsigbaar en sonder dat iemand dit weet `n goddelike vonk in `n suiwer meisie gelê en in `n verjongde seun het hy nou in hierdie meisie vir `n seun as regeringsopvolger gesorg en dié staan nou voor ons en wend sy eerste pogings aan om as god te regeer!

[6] Ek sou jou nog heel baie van dié uitwasse kon beskryf waaruit so `n woud van twyfels bestaan, en ook in watter ander struikgewas en onkruid dit kan degenereer. Maar omdat die saadjie nou by jou vernietig is, is jy rein en van `n verdere groei van die onkruid kan geen sprake meer wees nie; en omdat jy nou heeltemal gereinig is, is jy ook heeltemal geskik om een van My belangrikste leerlinge te wees.

[7] Verder sal jy nou wel besef hoe en waarom hierdie meisie in al haar liefde so besonder aan My geheg is. Want in die mate waarin hierdie meisie My liefhet, het niemand van julle My lief nie; want julle liefde is meer `n verbasing oor My wysheid en My wonderwerke wat vir julle onbegryplik is. Maar hierdie meisie het My lief suiwer om Myself, noudat sy eenmaal weet wie in My is. En dit is meer werd as om My as Elohim te bewonder, want dit moet tog vir elkeen duidelik wees dat by Elohim alle dinge moontlik is. Ook dit is wel goed, maar die ander is beter.

[8] Wat is dan vir jou beter: Dat mense jou alleen al liefhet omdat jy `n mens is, of dat mense jou alleen maar liefhet omdat jy `n wyse mens is en baie vaardig in allerlei kunste is? Die eerste liefde gaan uit van die lewe en het betrekking op die lewe; die tweede gaan egter alleen maar uit van die gevoel vir kuns en het slegs betrekking op die kuns en die wetenskap van die een wat dit besit. Sê eers, welke liefde sou jy meer waardeer?"

[9] **Simon** sê: "Duidelik die eerste! Want wie my al as mens liefhet, sal my dan ook as wyse en as kunstenaar des te meer liefhê; wie my egter lief sal hê in die veronderstelling dat ek `n wyse en `n kunstenaar is, sal al gou die liefde die rug toekeer as hy mag ontdek dat ek geen wyse en ook geen kunstenaar is nie! Daarom is die suiwer liefde van hierdie meisie vir U, o Meester, werklik `n voorbeeldige liefde en oortref dié van ons almal in `n hoë mate!

[10] Weliswaar het `n meisie `n man as sodanig makliker en natuurliker lief as `n man `n ander man; as egter `n man met sy verstand en hart die waarde van `n mens, `n broer, dieper beskou, sal hy, as hy sy eie waarde voel en besef, ook die naaste waardeer en liefhê sonder om rekening te hou met sy eienskappe. En as hy daarna selfs verborge, baie gewaardeerde eienskappe by hom ontdek, sal sy liefde vir hom beslis des te sterker word! - O Meester! Elkeen van U woorde en lesse is groot en verhewe en in alle ewighede der ewighede Waarheid!"

## Die eenwording van die mens met Elohim. Simon beken sy liggaamlike swakhede

**176** Simon: "Ek sien nou, o Meester, dat U Uself aan die mense algeheel as Elohim openbaar het en nêrens `n voorbehoud stel of iets geheim hou soos wat die ou profete dit gedoen het nie, wat U altyd baie versluierd aan die mense openbaar en aan die sterwelinge skaars die soom van U kleed laat sien. Hulle het wel `n godsdiens en `n kerk gevestig; maar wat was dit vir `n godsdiens en wat vir `n kerk? Die godsdiens was `n skaars sigbare ster wat uit die een of ander eindelose diepte van die ruimte `n baie spaarsame straal van hoop geskenk het aan die aarde wat in dik duisternis gehul is. Die kerk was `n gebou van harde klip, `n tempel waaromheen louter doolhowe en duistere voorhowe lê wat deur die mense betree kon word, maar aan die binnekant van die tempel, waar al die lewensgeheime op goue tafels onthul lê, kon hulle nooit kom nie.

[2] Maar hier word nie slegs die binneste van die tempel vir alle mense heeltemal toeganklik gemaak nie, maar Elohim, die ewig ontoeganklike, openbaar Homself in eie persoon algeheel soos wat Hy was, is en ewig sal wees, aan die mense. Dit maak dit andersyds egter ook noodsaaklik om Elohim nie slegs ten dele nie, maar met liggaam, siel en gees algeheel in homself op te neem deur enkel en alleen Hom lief te hê. Hierdie toenadering van die Skepper tot die skepsel en omgekeerd, moet immers uiteindelik onvermydelik `n volledige vereenselwiging van die skeppende Oerwese met die later geskape wesens tot gevolg hê.

[3] Elohim word één met ons en ons word één met Hom, sonder die geringste beperking van ons persoonlike individualiteit en met volkome vryheid van wil! Want sonder die volmaakte vereenselwiging van die skepsel met die Skepper kan nooit aan `n volkome wilsvryheid gedink word nie, omdat slegs die wil van die Skepper algeheel onbeperk kan wees en die wil van die skepsel alleen maar dan as hy volmaak één geword het met die wil van die Skepper.

[4] As ons wil wat die Meester wil, is ons wil volkome vry omdat die wil van die Meester ook volkome vry is; wil ons dit egter nie, of maar ten dele, dan is ons miserabele slawe van ons eie oneindige blindheid. Slegs in Elohim kan ons volkome vry word; buite Elohim bestaan daar niks as alleen maar oordeel en die dood!

[5] Meester, U sien dat ek nie bang is om te praat nie, en ek glo ook hierdie keer die spyker weer op die kop geslaan te hê! Maar voeg U nou U almagtige seën daarby, sodat hierdie pragtige koringkorrel wat U, o gewyde Vader, Self uit U ewige hemel na hier, op hierdie, ongelukkig baie maer aarde verplant het, in die aarde van ons swak harte duisendvoudig vrug mag dra! O gewyde Vader, word één met ons, U skepsels, U nog armsalige kinders, sodat ons eens, aan U gelyk, ook één met U kan word!" - Hier bars Simon heeltemal ontroerd in trane uit.

[6] Maar Ek staan nou op en sê aan Simon: "Kom na My toe, My geliefde broer en omarm My nie meer as jou Skepper nie, maar as jou Broer, omdat jy die eerste is wat één geword het met My!"

[7] Simon sê berouvol: "O, U wat te gewyd is! Hierdie barmhartigheid is die sondige Simon ewig nie werd nie!" Toe huil hy weer. Daarom gaan Ek na hom toe en druk hom nogmaals broederlik aan My hart.

[8] Na `n rukkie, toe Simon hom herstel het van sy ontroering en Ek ook kalmerend op sy gemoed ingewerk het, sê Simon: "My Meester en my Elohim! Waaraan het ek dit dan te danke dat U nou opeens so genadig en barmhartig vir my is? Weet dat ek `n sondige mens is, want my vlees is baie swak. Mooi en aantreklike meisies maak op my `n geweldige indruk, en van tyd tot tyd kom daar altyd onsedelike gedagtes in my op. En heel dikwels stem ek met `n soort lus en plesier in met hierdie gedagtes, ook al is dit nie in daad by gebrek aan geleentheid nie, dan tog wel in my gemoed wat by my tydens sulke bronstige periodes baie gewillig is.

[9] Daarna het ek dan ook wel weer heel helder oomblikke en verstandige opvattings en beskouings met betrekking tot hierdie onderwerp, maar wat help dit? As ek dadelik daarna weer `n mooi meisie sien, verdwyn al die heldere oomblikke, al die verstandige opvattings en beskouings in een sug weer en die ou sondebok staan weer met al sy sinlikheid gereed. Ek doen daartydens en daarna wel niks nie, maar hierdie niksdoen is tog geen egte niksdoen nie, maar alleen maar `n niksdoen by gebrek aan geleentheid. Die vrees vir aardse straf en skande weerhou mens, maar die eie vrye wil by lange na nie, want dit het by sulke geleenthede alleen maar erg baie sin en sou by `n gunstige geleentheid sekerlik nie afwykend daarteenoor staan nie! Ek ken my ellendige liggaam ongelukkig maar al te goed en daarom is ek `n sondige mens en so `n groot barmhartigheid van U nooit werd nie."